# 10 Dae Van Gebed

## Dag 2 — Die Ewige Evangelie en Gebed




"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke "- Openbaring 14:6

Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

# Wat is hierdie Ewige Evangelie?

- **Dit is die goeie nuus van Jesus se offer vir ons, Sy liefdevolle bediening, Sy opstanding, Sy intreding vir ons as Hoeëpriester in die hemel, en Sy heerlike wederkoms.**
- **Jesus beloof dat die "evangelie in die hele wêreld verkondig sal word " voor Sy wederkoms (Matthéüs 24:14).**
- **Dit is die Eerste Engel se Boodskap wat sonder versuim verkondig moet word.**
- **Ellen White sê vir ons dat daar ‘n herlewing van goddelikheid sal wees voordat die boodskap van Openbaring 14 aan die hele wêreld verkondig is (*Die Groot Stryd*, bl. 440).**

# Gebedsvoorstelle

**Om God se Woord te Bid** – Gebruik Openbaring 14:6 as 'n begin vir u gebedsessie. U kan ook u geliefkoosde Skriftuurtekse aanhaal as deel van u gebed.

**"Die Ewige Evangelie "** – Vra God om u 'n groeiende waardering te gee vir die evangelieboodskap; vir die vreugde van verlossing; en vir Hom om u lewe te verander sodat wanneer andere u sien, hulle die krag van die evangelie aan die werk sal sien en na Jesus aangetrek sal word.

**"Om te Verkondig aan Diegene Wat op die Aarde Woon "** - Vra Jesus om u moed te gee om hierdie goeie nuus met andere te deel in woorde en dade.

Vra Hom om u te gebruik om aan u gesin, vriende, bure, en elkeen wat u ken, te getuig.

**"Aan Elke Nasie "** – Biljoene ken nog nie vir Jesus nie, so laat ons bid dat Jesus ons hierdie week 'n geleentheid sal gee om die goeie nuus van verlossing met iemand anders te deel. Vra Hom om u wysheid te gee om te getuig aan mense van ander nasies, kulturele agtergronde, en etnisiteite.

# Voorstelle vir Liedere

- Burdens are Lifted at Calvary (CH #476)
- Meer Van My Jesus (AL #109)
- Ek Bring so Graag die Tyding (AL  #95)
- I Love You, Lord

# Gebedsaktiwiteit: **Natuur Gebedsuitstappie**



**Laat kinders buite toe gaan vir 'n kort uitstappie. Let op na die blomme, bome, plante, of voëls wat sing. Bid 'n dankgebed tot die Skepper God wat ons die wêreld van die natuur met al sy prag gegee het.**

**Vra kinders om 'n dagboek te hou en die dinge neer te skryf  wat wys dat God ons aanbidding waardig is.**